# Wanneer die Ongeluk Tref

## Gedagtes oor Maleagi

Louis Nel

# Wanneer die Ongeluk Tref

## Gedagtes uit Maleagi

Louis Nel

Julie 2022

Mosbolletjie Boeke
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud


1 Wanneer die Ongeluk Tref

2 'n Tweegesprek met God

3 God Het Jou baie Lief!

4 'n Pa-Kind Verhouding

5 Priesters

6 Huwelikstrou

7 Die Verbondsengel Kom

8 Het God Verander?

9 My Tiende

10 Gee God Ooit Om?

11 Die Dag van die Here

12 Elia Gaan Kom

1

# Wanneer die Ongeluk Tref

## Inleiding tot Maleagi

**VIDEO  *  OUDIO**

Voel jy soms moedeloos? Dalk bitter teneergedruk? Moontlik het iemand of iets jou teleurgestel. Of is jy ontnugter deur ‘n gerespekteerde volksleier wat óók maar voete van klei het of deur iemand wat jy nog altyd vertrou het? Moontlik voel jy net onvergenoegd oor die brandstofprys, lewenskoste – aag sommer alles! Of is jy miskien skepties oor wat die lewe jou kan bied?

Dan is dit dalk nét die tyd om die boek Maleagi te lees, want Maleagi is spesifiek geskryf vir mense wat ontnugter is oor dinge wat nie vir hulle uitgewerk het soos wat hulle dit graag sou wou hê nie. Dit is spesiaal vir mense wat moedeloos geraak het.

Dit is mos nou maar só dat dinge nie altyd

gebeur soos wat jy dit voorsien nie. Jy sit salig in 'n werk waar dinge vir jou mooi loop en jy waarlik werksbevrediging het en dan kom die baas op 'n dag en bars die bom dat die maatskappy besig is om te sink en dat jy jou werk verloor het.

Of dalk vind jy op 'n dag uit dat jou huweliksmaat ontrou aan jou was en skielik tuimel jou hele wêreld rondom jou inmekaar. Of jou kinders, van wie jy sulke hoë verwagtinge gehad het, stel jou teleur wanneer hulle deurmekaar raak met die verkeerde maats en in die kloue van dwelms val of in misdaad betrokke raak.

Wanneer sulke dinge gebeur, is ons eerste vraag gewoonlik: “Hoe kon God dit toegelaat het? Waar is God dan dat Hy dit nie kon gekeer het nie?”

Dan voel jy moontlik asof God jou teleurgestel het! Jy het meer van Hom verwag en nou gebeur dit nie!

Wanneer jy so voel, dan weet jy ook hoe die

mense gevoel het in die tyd van Maleagi. Hulle was bitter teleurgesteld in God en hulle het die vraag gevra: “Waar is God dan?”

Toe daar begin word met die herbou van die tempel ná die ballingskap in 515 vC, was daar groot verwagtinge onder die volk. Hulle het geglo dat die Here sou ingryp in die wêreld en dat dit die begin sou wees van groot dinge vir Juda.

Niks hiervan het egter gebeur nie! Al wat hulle gekry het was uitmergelende droogtes wat hulle die een misoes na die ander besorg het. En waar daar wél nog so 'n ietsie van 'n oes was, het die peste en plae dit ook opgevreet!

Die volk was moedeloos. 'n Groot neerslagtigheid het oor hulle neergesak. Baie mense het begin twyfel of die Here hulle óóit nog liefhet. Is Hy óóit nog betrokke by Sy volk?

Wanneer is Maleagi geskryf? Ons is nie baie seker nie, maar dit moes iewers tussen

515vC en 458vC gewees het. Alhoewel dit die laaste boek in die Ou Testament is, was dit geensins die laaste wat geskryf is nie. Boeke soos Daniël is eers lank na Maleagi geskryf. Maleagi skryf hierdie boek in die tydperk toe die wêreld oorheers was deur die Persiese Ryk. Die beroemde (of dalk berugte?) koning Darius en sy opvolger Xerxes, waarvan daar so baie geskryf is, was aan die stuur van sake.

Hoe lyk die sosiale omstandighede van die volk? Juda het 'n bevolking gehad van omtrent 50'000 mense nadat die tempel voltooi is. Ons moet onthou dat die volk nie meer onafhanklikheid gehad het nie en dus ook nie 'n koning nie. Daar was egter 'n goewerneur aangestel om Juda te regeer namens die Perse. In die tyd van Haggai en Sagaria was dit Serubbabel, 'n afstammeling van Dawid. In Maleagi se tyd was Juda egter regeer deur 'n vreemde persoon. En om die kersie op die koek te sit, was die administratiewe setel van Jerusalem af verskuif na Samaria. Dit was inderdaad 'n

klap in die gesig van enige rasegte Israeliet!

Juda het nie om dieselfde vuur gesit as die Samaritane nie. Hulle was vyande! En aan hulle suidekant was daar weer die Edomiete, wat ook die Judeërs 'n harde tyd gegee het.

Op sosiale vlak het dit maar beroerd gegaan met die inwoners van Juda. Egskeidings was aan die orde van die dag, en so ook huwelike met vrouens van heidense afkoms. Mense het mekaar uitgebuit net waar hulle kon.

Op die geestelike terrein het dit nog meer beroerd gegaan. Mense het begin skepties staan teenoor God en Sy beloftes. Soos reeds gesê, het die mense groot dinge verwag van God nadat hulle die tempel herbou het. Maar toe daar niks gebeur nie het die mense op geestelike en Godsdienstige vlak baie laks begin raak.

Die vraag wat elkeen van ons vandag moet vra is: wat moet ek doen wanneer dinge nie vir my uitwerk nie? Wat is die normale reaksie wanneer jy jou werk verloor of jou

besigheid bankrot gaan? Of as jou huweliksmaat of jou kinders jou teleurstel?

Die eerste reaksie is gewoonlik om jou rug op God en jou medemens te draai. Om vir God en jou vriende wat jou geestelik probeer ondersteun kwaad te word.

Mense soos Paulus en Petrus is voorbeelde van hoe ons sulke dinge moet en kan hanteer. Oor die volgende paar weke wil Maleagi ook vir ons kom wys wat die regte manier is om daardie laagtepunte te benader. Ek het sélf al deur 'n paar sulke laagtepunte gegaan en ek sien persoonlik uit na wat Maleagi ons wil leer.

Gebed:

Here, dankie vir 'n boek soos Maleagi. Heilige Gees, maak asseblief my hart en geestesoë oop om U antwoord op die vrae raak te sien.

# 2

# Tweegesprek met God

## Maleagi 1:1

**VIDEO   *  OUDIO**

Wie het werklik die boek Maleagi geskryf?

“Maar natuurlik die profeet Maleagi!” is ons eerste reaksie.

Maar dan lees ons die eerste versie in die boek: “'n Profesie. Dit is die woord van die Here tot Israel by monde van Maleagi.”

Kom ons vra nou weer die vraag: “Wie is die éintlike skrywer?”

Mense soos Lukas en Timoteus was in werklikheid die ouens wat Paulus se briewe geskryf het. Maar wie was die outeur van die briewe? Onteenseglik Paulus en nie die mense wat die skryfwerk gedoen het nie.

Op dieselfde wyse kan ons dan ook sê dat die profeet Maleagi nou wel die fisiese

skryfwerk gedoen het, maar in die héél eerste vers verklaar hy dat hy maar net die mondstuk van die Here was.

Wat op die boek Maleagi betrekking het, het ook betrekking op die ander boeke van die Bybel. God (die Heilige Gees) het verskeie skrywers gebruik om die Bybel te skryf. Dit beteken nie dat die Here woord vir woord gedikteer het en die mense moes maar net skryf wat Hy sê nie. God het wel gedagtes in die skrywers se harte gelê en dan het hulle dit op skrif gestel soos hulle die gedagtes geïnterpreteer of verstaan het.

Elke skrywer se agtergrond, omstandighede en geleerdheid het 'n invloed gehad op die manier wat hy geskryf het. So het die hoogs-geleerde Paulus byvoorbeeld baie ingewikkelde verhandelinge geskryf, sodat selfs 'n man soos Petrus gesug het dat Paulus darem baie moeilik skryf. Aan die ander kant het ons weer 'n eenvoudige plaasboer soos Amos wat geskryf het teen die agtergrond van sy ervaringe as landbouer.

Jakobus het geskryf teen die agtergrond van sy streng Joodse opvoeding en sy liefde vir die wet en al die Joodse gebruike waarmee hy grootgeword het, dinge wat vir hom kosbaar was.

Die feit is dat God mense gebruik, mense met hulle eie beskouinge om die boodskap van God oor te dra aan ander doodgewone mense.

Dikwels is boeke saamgestel deur 'n hele paneel van skrywers wat 'n klomp oorlewerings en vertellings neem wat dikwels oor duisende jare van geslag na geslag oorgedra was. Hulle het dan al die vertellinge bymekaar gevoeg om 'n boek te vorm. Voorbeelde hiervan is Genesis, Samuel, Konings ens. Die verhale word dan soms duisende jare ná die gebeure vir die eerste keer op papier neergepen. Nóg ‘n voorbeeld is Jesaja wat oor ‘n tydperk van 400 jaar geskryf is deur verskeie skrywers, insluitend die profeet Jesaja.

Die groot wonder is egter dat wanneer ons

die Bybel as 'n geheel lees, dan staan ons verstom oor die eenheid van dit alles. Hoe het honderde skrywers met net soveel agtergronde dit reggekry om so 'n verstommende eenheid te bewerkstellig, waar die boodskap van God soos 'n goue draad regdeur alles loop, van die begin tot die einde? En boonop beslaan die skryfwerk 'n aantal verskillende skryfvorme soos verhale, geskiedenis, profetiese werke, digkuns, eskatalogie, onderwysings, wetboeke, persoonlike briewe en nog baie meer.

Die antwoord is eenvoudig: Die Bybel het eintlik slegs één Outeur: die Heilige Gees!

Dieselfde geld ook vir Maleagi. Die ware Outeur is God die Heilige Gees.

Oor die skrywer weet ons eintlik niks, buiten dat die naam Maleagi “My Boodskapper” beteken. Was dit die skrywer se naam? Of was dit dalk slegs 'n ampstitel wat hy gebruik het om te sê dat hy God se boodskapper is? Ons weet net eenvoudig nie.

Die mens verdwyn as't ware agter die boodskap wat hy verkondig. Maar die boodskap is só belangrik dat dit deel geword het van die Woord van God.

Die boek is gerig aan Israel. Maar in werklikheid is dit, nes die ander boeke in die Bybel, 'n tydlose geskrif, wat beteken dat dit nie alleen aan Israel van 2500 jaar gelede gerig is nie, maar ook aan die nuwe Israel vandag, ek en jy, die moderne Christen-gelowiges.

In hierdie boek begin God 'n tweegesprek met die volk en al die lesers. Daar is dialoog, met ander woorde, God praat en die volk luister en antwoord. En dan weer praat die volk, en God luister en antwoord. Regdeur Maleagi vind ons hierdie tweerigting gesprek tussen God en die volk.

Die vraag wat ek en jy onsself vandag moet afvra, is of daar nog steeds so 'n dialoog, 'n tweerigting gesprek is tussen my en God? Is die Bybel maar net 'n interessante boek wanneer ek dit lees? Of dalk een waar ek

boodskappies van God aan my soek? Of lees ek met verwondering en gesels ek met God wanneer ek lees?

En wanneer ek bid, is dit maar net 'n wenslysie wat ek voor God se voete kom neerlê? Of is dit waarlik 'n tweegesprek tussen my en God? Kom ons herbesin ons omgang met God se Woord en ons gebedslewe.

Gebed:

Here, hervorm my gedagtes wanneer ek U woord lees en wanneer ek bid. Maak my ore oop om U stem te hoor.

# 3

# God Het Jou Baie Lief!

# Maleagi 1:2-5

**VIDEO * OUDIO**

Die eerste paar verse van Maleagi skok jou want daar word teenstellings gemaak en ongemaklike dinge gesê. In vers 2 kom God met 'n liefdesverklaring: “Ek het julle baie lief.”

Maar in dieselde asem sê Hy dat sy volk ongelowig vra: “Maar Here, hoe hét U ons dan lief?” Hierdie is dan ook nie 'n vraag in verwondering oor die Here se groot liefde aan hulle nie, maar 'n vraag met 'n bitter, wrang smaak in die mond.

Vandag vra ons: “Here, ek sien dan nie U liefde nie! Het U ons werklik lief? Wat dan van al die geweld wat in die wêreld aangaan? Wat van die sinnelose oorlog in die Oekraïne? Wat van die onskuldige mense wat nét die afgelope naweek koelbloedig in

Soweto afgemaai is? Die wrede plaasmoorde en die onskuldige kindertjies wat feitlik daagliks verkrag en vermoor word? Waar is U liefde Here?"

Dikwels betwyfel ons Sy liefde: "Wat van al die pyn en ellende? Wat van die verskriklike armoede in so baie lande? Wat van Covid wat miljoene afgemaai het? Wat van al die mishandelde vrouens en kinders? En die onreg? Here, ek sien so min van U liefde! Kan U verstaan dat ek begin twyfel het aan U liefde?"

Hierdie bitter vrae word dikwels gevra, nie deur ongelowiges nie maar deur Christen-gelowiges. God se eie volk!

Dan antwoord die Here met 'n liefdesverklaring. Hy verseker Sy volk weer van Sy groot liefde vir hulle, al twyfel hulle soms en al struikel hulle dikwels.

Die Here se liefde vind in die eerste plek beslag in die kontrak wat Hy met ons as gelowiges gesluit het. Hy het hierdie kontrak

al vroeg in die geskiedenis opgestel en dan maak Hy dit vir die eerste keer aan Adam bekend. Hy hernu die kontrak oftewel verbond talle male, onder andere met Noag en Abraham. Die finale vorm van Sy kontrak kom in Jesus. God se liefde vir ons is dus nie 'n jong liefde nie maar dateer terug uit die héél vroegste oergeskiedenis. God het ons lankal lief!

Maleagi haal die geskiedenis van Jakob aan om iets te verduidelik van God se liefde. Jakob was nie 'n engeltjie nie. Sy naam verwys na die soort lewe wat hy sou lei: hakskeengryper, bedrieër! Hy steel sy broer se eersgeboortereg en sy seën. Hy is liefdeloos teenoor sy vrou. Hy bedrieg sy pa.

Ten spyte hiervan skryf God nie vir Jakob af nie en Hy verlaat hom nooit. Hy bly liefdevol teenoor Jakob en Hy bevestig die beloftes wat Hy aan sy oupa Abraham gemaak het.

Hierdie sondige lewe van hom moet die volk herinner aan hulle eie sondige lewe. Van die vroegste tye van Israel se bestaan as volk is

hulle lewe gekenmerk deur sonde. Skaars het Moses hulle uit Egipte uitgelei of die gemor en gekerm begin. Moses was nog besig om die wet van God te kry, toe verval die volk al klaar in afgodery toe hulle 'n goue kalf maak.

En ten spyte hiervan skryf God nooit die volk af nie. Hy laat hulle nie maar oor aan hulle eie lot nie, maar Hy maak bemoeienis met hulle en Hy probeer op talle maniere (soms drasties) om hulle op die regte pad te kry.

Wanneer ons hierdie gedeelte in Maleagi lees, dan is daar iets wat nie dadelik sin maak nie. Ons lees dat God vir Jakob liefgehad het, maar Hy het Esau gehaat. Nou vra ons die vraag: Hoe kan ons sê dat God liefde is as Hy vir Esau haat? En wat van Joh. 3:16 waar Hy verklaar dat Hy die héle wêreld liefhet?

Ons moet onthou dat die Here hier 'n liefdesverklaring doen aan Israel, Jakob se afstammelinge. Die fokus is dus op Israel. Só groot is God se liefde vir hierdie volk, dat Sy

verhouding met Esau in kontras as haat beskryf kan word. Ons sien Sy liefde baie duidelik in Jakob se lewe. God dra hom deur alles ten spyte daarvan dat Jakob so dikwels struikel.

1700 Jaar later, wanneer die nuwe kerk van Jesus tot stand kom, sien ons nog steeds God se liefde ten spyte van die swakhede van die kerk. En oor die volgende tweeduisend jaar groei die kerk met rasse skrede tot waar dit vandag op elke uithoek van die wêreld gevestig is. Inderdaad het die kerk nie altyd gedoen wat God van hom gevra het nie. Soms het die kerk die spoor totaal byster geraak. In die middeleeue het die kerk byvoorbeeld in die Naam van God tydens die kruistogte gemoor en volke uitgeroei. Dikwels het die kerk uiters liefdeloos opgetree.

Ten spyte hiervan het God Sy volk, die kerk steeds baie lief. En ek en jy is deel van Sy kerk.

Ons moet ook onthou: God haat Edom, die

nasate van Esau. Wat beteken dit? Edom versinnebeeld die magte wat hulle teen God verset, met ander woorde diegene wat Jesus se liefde verwerp. Joh. 3:16 verklaar egter wél onomwonde dat God die héle wêreld liefhet, só lief dat Hy Sy Seun gegee het, sélfs vir dié wat Sy vyande is! Almal is dus ingesluit in God se onmeetbare liefde! Daar is egter ‘n voorwaarde, dat hulle tot bekering kom en God se liefde in Jesus aanvaar.

Gebed:

Here, dankie vir U groot liefde, ook teenoor my met al my tekortkominge. Here, ek het U ook baie lief!

# 4

## 'n Pa-Kind Verhouding

## Maleagi 1:6-14

**VIDEO * OUDIO**

'n Seun hét mos respek vir sy pa en natúúrlik respekteer 'n slaaf sy baas! In Maleagi se tyd was dit beslis áltyd die geval - dit was net eenvoudig nie anders nie! Dan vra God die vraag: “As Ek dan 'n vader is, waar is die respek wat My toekom? As Ek die Opperheer is, waar is die ontsag vir My?”

Vandag kan die Here hierdie vraag vir ons met soveel méér erns vra, want dikwels verdwyn die respek vir God die Almagtige totaal en al, selfs onder gelowiges! Hoe dikwels het jy nie al iemand disrespekvol van God hoor praat as : “Die Ou Man daar bó” nie. Ek wil inmekaar krimp van pyn as ek 'n gelowige so 'n ding hoor sê!

Maar hierdie is eintlik maar net die puntjie van die seekoei se ore, want hierdie gedeelte

in Maleagi gaan eintlik oor 'n godsdiens beoefening wat in totaliteit die respek vir God verloor het.

Kom ons vra die vraag: “Wat beteken dit om in Jesus te glo?” Is dit maar net om te glo dat Hy vir my sondes gesterf het en dat ek nou die ewige lewe het?

Ons kan dan onomwonde antwoord: “Natúúrlik nie! Dit gaan verséker veel dieper as dit!” Geloof in Jesus beteken dat my lewe totaal verander is en dat ek nou in 'n verhouding staan met Hom. Maleagi beskryf dit pragtig as 'n Vader-kind verhouding en dit is presies hoe dit moet wees. In 'n ware vader-kind verhouding is die kind totaal afhanklik van sy pa. Maar daar is ook daardie liefdesband tussen hulle. 'n Goeie pa sal sy lewe opoffer vir sy kind. Maar die kind sal ook liefde uitleef teenoor sy pa en hom met groot ontsag en respek behandel.

As 'n seuntjie vir sy pa sou sê: “Haai ou Toppie, hoe lyk dit met 'n geldjie vir 'n roomys?” sal enige regdenkende pa hom

bloedig vererg vir sulke arrogansie!

Wanneer daar egter 'n goeie verhouding is, sal die seuntjie sy pa om die nek val en hom druk en sê: “Ek is so lief vir Pappa!” en wanneer die roomys ter sprake kom, sal hy vra: “Asseblief Pappa, kan ek asseblief roomys kry?”

Sien jy die verskil in stemtoon? Sien jy die verskil in die verhouding?

Maleagi gebruik egter ook 'n tweede beeld, dié van 'n slaaf en sy eienaar. Inderdaad is ons nie alleen kinders van die Vader nie, maar ons is ook Sy eiendom nét soos 'n slaaf aan sy eienaar behoort het. Daar is egter 'n baie groot verskil, want hierdie “Eienaar” het ons baie duur gekoop, met die lewe van Sy Seun. Ons is dus vir Hom in die eerste plek uiters kosbaar.

Hy is egter ook baie anders as die eienaars van daardie tyd. Hy is nie die dikwels ongenaakbare en wrede eienaar van Maleagi se tyd nie, maar die Eienaar wat Sy eiendom

koester en met groot liefde versorg.

Dit vra egter van hierdie “eiendom” om die opdragte van die Eienaar uit te voer. 'n Slaaf sou dit nie durf waag het om vir sy eienaar te sê: “Ag nee wat, ek gaan nie doen wat u vra nie.” Dit sou ongehoorsaam, disrespekvol en arrogant wees en dit sou beslis vir hom gróót moeilikheid beteken het!

As ek en jy dan God se eiendom is, waarom sou ons dan weier om te doen wat Hy van ons vra? En veral as dit 'n Eienaar is wat soveel vir ons omgee en doen soos die Here? As Hy 'n eenvoudige dingetjie van ons vra, soos om die Evangelieboodskap te deel met 'n kollega of vriend, waarom is ons dan so traag om dit te gehoorsaam?

Ja, dikwels is ons wél gehoorsaam aan die Here en voer ons die opdragte uit wat Hy vir ons gee, maar ons doen dit halfhartig en slegs die allernodigste.

Maleagi beskryf hier hoe die volk omgegaan het met offerandes aan die Here. Die mense

het nie hulle beste diere gebring soos wat die Here gevra het nie, maar die diere wat vir hulle niks werd was nie. Daarmee wou hulle vir die Here sê: “Kyk, ons bring offerandes!” Maar hulle het eintlik net probeer om die Here tevrede te stel sodat Hy dinge vir hulle sou doen. En die priesters is eintlik niks beter nie, want hulle het ook maar net die héél noodsaaklikste gedoen, slegs hulle werk en niks meer nie.

Aan sulke soort offers het die Here géén behae nie.

Hoe dikwels het jy nie al gevoel dat wanneer jy iemand vra om 'n taak vir jou af te handel, dat die persoon dit só halfhartig doen dat jy vir hom wil sê: “Aag, los dit asseblief! Ek doen dit liewer sélf!”

Die Here voel dalk dikwels so oor ons. Hy het nie ons halfhartige pogings nodig nie. “Van waar die son opkom tot waar hy ondergaan, is my Naam groot onder die nasies,” sê die Here vir die volk. As hulle Hom nie behóórlik eer nie, moet hulle weet dat Hy deur

duisende ander mense wél geëer word. Dan moet hulle dit liewer los!

Die Here vra van jou en my álles of niks. Vandag moet ons besluit of ons waarlik 'n Pa-kind verhouding met die Here het en of daardie verhouding dalk skeef is. As daar iets skort met my verhouding met God, dan het dit nóú tyd geword dat ek dit regstel. Dit beteken dat ek weer die nodige respek vir die Here kry wat Hom waarlik toekom. En dat ek voluit sal doen wat Hy van my vra.

Gebed:

Here, ek staan vanoggend diep skuldig teenoor U. Help my asseblief om my verhouding met U reg te stel.

# 5

# Priesters

## Maleagi 2:1-9

**VIDEO * OUDIO**

Moenie in diens van die Here probeer staan tensy jy bereid is om die verantwoordelikheid wat daarmee saamgaan ten volle te aanvaar nie.

In hierdie perikoop gaan dit oor die priesters. Wat was hulle hoof funksie? Maleagi som dit op met die woorde: "om My Naam te eer." Priesterskap het daaroor gegaan om eer te bring aan God almagtig en hulle hele taak was verweef rondom hierdie enkele opdrag. Volgens die uitsprake in Maleagi kon hulle egter geensins daarin slaag om God te vereer met hulle handelinge nie.

In die vorige gedeelte het ons gesien dat die offers aan die Here dikwels baie halfhartig gedoen was, slegs om die Here tevrede te stel. Eintlik het dit nog baie erger gegaan,

want in Maleagi 1:12 sien ons hoedat die altaar van God ontwy was en die offers met minagting behandel was deur die priesters. Die eerbied en respek vir God het totaal ontbreek en daar was nie meer werklik die erkenning van God as die Here nie.

God se heilige Naam was dus in die gedrang, dus sê die Here vir hulle dat Hy 'n vervloeking oor hulle sou bring. Daar sou vir hulle géén nageslag wees nie en die einde van hulle priesterskap was onafwendbaar.

En dan sê die Here dat Hy die pensmis van die offerdiere in hulle gesigte sou spat. “Agge-nee, sies!” wil ons dadelik reageer. Vir hierdie priesters was dit egter nog véél erger, want dit sou beteken dat hulle reinheid in gedrang sou kom. Om met die pensmis van diere deurmekaar te raak, het jou onrein gemaak en dus was jy nie meer geskik vir diens in die tempel nie.

Maar dit gaan selfs verder: Hulle sal saam met die pensmis weggedra word! Omdat hulle nou onbevoeg is om tempeldiens te

verrig, word hulle buite die heiligdom uitgedra na die plek wat slegs goed genoeg is om diere se pensmis weg te gooi. Wát 'n vernederende ervaring vir iemand wat eens net die hoogste respek en aansien van die volk geniet het!

In die volgende paar verse sê die Here vir die priesters wat die oorspronklike vereistes vir hulle amp was. Die verhouding tussen priesters en die Here was só 'n hegte een dat dit in werklikheid as 'n verbondsverhouding gesien was. Dit het beteken dat hulle 'n lewe kon hê wat gevul was met die seën van die Here en dat hulle in harmonie en vrede met God kon lewe.

Dit was verwag van 'n priester om te beskik oor 'n groot kennis van God en Sy wil vir die mense. En dan moes hy hierdie kennis aan die volk oordra en hulle leer van God en wat Sy wil vir die volk was. 'n Priester was dan ook 'n boodskapper van die Here genoem. Sulke dinge kon egter alleen gebeur wanneer daar 'n ware lewende verhouding tussen die priester en die Here was. Wanneer al hierdie

dinge in plek was, kon die volk opsien na die priester en dit sou dan ook die gevolg hê dat mense van hulle sondes sou afsien.

Hierdie priesters wat Maleagi aangespreek het, het egter in skrille kontras met die ideale beeld van 'n priester gestaan. In plaas daarvan dat hulle die mense op die regte pad gelei het, het hulle sélf die regte pad bystergeraak en veroorsaak dat die volk tot 'n val gekom het. Hulle het totaal die verkeerde pad gekies! Van daardie wonderlike, egte verhouding wat daar tussen die priester en God moes wees, was daar géén sprake nie. Waar daar van hulle verwag was om die volk te leer, het hulle eerder die volk oor die afgrond gelei!

Hulle het die kosbare verbond wat God met hulle gemaak het, geskend! En nou het die volk hulle respek en aansien vir die priesters verloor. Presies dít wat hulle aan die Here gedoen het, het hierdie priesters nou sélf ervaar!

Is hierdie gedeelte vandag spesifiek aan die

leraars gerig? Nee, dit is aan elke gelowige gerig, want net soos die priesters destyds die taak gehad het om die Woord van God betroubaar aan die volk oor te dra, so het elke gelowige vandag die taak om die Woord aan ander te bring.

Priesters moes destyds versoening bewerkstellig tussen God en die volk en so is dit ook die gelowige se taak vandag om versoening te bewerkstellig tussen God en sy medemens.

Presies dieselfde ideaal wat vir die priesters gegeld het, geld ook vir jou en my. Ons moet ook in 'n hegte verhouding met die Here staan en Hom met eerbied en ontsag dien. Daar moet by ons dieselfde egtheid wees wat destyds vir die priesters gegeld het.

Ongelukkig is dit meer as dikwels nie die geval nie, en meeste van ons (ek inkluis) staan skuldig voor die Here vanweë ons laksheid en selfs disrespek teenoor God.

Ek wil jou uitdaag om spesiaal moeite te

doen om jou verhouding met die Here só te kry soos wat dit Hom sal behaag. Kom ons begin vandag nog om werk te maak daarvan om die Woord op elke moontlike manier uit te dra. Jy kan begin deur hierdie dagstukkies verder te versprei of vir my adresse of foonnommers te stuur van mense wat nog nie die dagstukkies ontvang nie.

Gebed:

Here, help my asseblief om my verhouding met U 'n lewende een te maak en om my priesterlike pligte met entoesiasme en ywer uit te voer.

# 6

# Huwelikstrou

## Maleagi 2:10-16

**VIDEO * OUDIO**

Vanoggend se gedeelte gaan oor 'n baie teer sakie, een wat al baie pyn en hartseer in feitlik elke gelowige se lewe gebring het. Dit gaan oor die huwelik. Nee, dit is nie die huwelik wat pyn en smart bring nie, maar wanneer 'n huwelik skeefloop dat hierdie dinge gebeur. Maleagi spreek hierdie saak aan sonder om doekies om te draai.

Die profeet begin met 'n inleiding waar hy die stelling maak dat ons almal tog mos net een Vader het en dat ons almal deur één God geskep is. En dan vra hy die vraag: “Waarom is ons dan ontrou aan mekaar en ontheilig ons die verbond wat met ons voorouers gesluit is?”

Hierdie vraag is spesifiek gerig met die oog op die huwelik.

Maleagi noem huwelikstrou of -ontrouheid in dieselfde asem as trou of ontrouheid aan God.

Die volk se eerste misstap was dat die manne getrou het met vrouens van 'n ander geloof. Dit gaan nie hier oor die verskille tussen volke of kultuur of selfs ras nie, maar oor mans wat vrouens gevat het met ‘n ander geloof. Dit het beteken dat man God Almagtig aanbid het, terwyl sy vrou die een of ander afgod aanbid het. In so 'n huwelik is dit totaal onmoontlik om 'n ware eenheid te hê, want hoe gesels jy oor sake wat jou geloof raak? En wat van die kinders? Hoe word hulle geleer wie die ware God is? Die ma gaan hulle een ding leer en die pa iets héél anders.

Maar dit het ook so 'n man permanent onrein gemaak, want hy het dan saam met 'n heiden gebly, 'n afgodsaanbidder. Hy moes dan verbied word om in die tempel te kom en in werklikheid was hy streng gesproke nie eers geregtig om in aanraking te kom met ander Israeliete nie.

Sulke huwelike gebeur dikwels vandag nog steeds, waar die een huweliksmaat 'n gelowige is en die ander totaal ongeërg staan teenoor die Here of selfs afgode aanbid. Daar het al verskeie kere mense op my skouer kom huil oor die bitter pyn wat so 'n huwelik veroorsaak. Daar is géén ondersteuning van die kant van die ongelowige huweliksmaat nie en dikwels word sy selfs gespot en verag oor haar geloofsoortuigings.

Gewoonlik eindig so 'n huwelik ook in die skeihof, want versoening is totaal onmoontlik. Ek het al soveel keer gehoor dat 'n verliefde meisie sê dat sy die man in haar lewe sal regkry. Sy sal hom lei na ander insigte. Dit gebeur egter feitlik nooit en 'n jaar of twee later is die arme vrou bitter ontnugter.

Die groot hartseer is verder dat so 'n verhouding ook jou verhouding met die Here baie nadelig kan beïnvloed. Waar daar 'n verhouding vol vreugde en blydskap en volheid met God moet wees, is dit nou een waar jy gedurig huil voor God. Dit voel asof

die Here nie luister na jou smeekroep nie en nie jou trane raaksien nie. Jou gebedstyd word opgeneem deur bitter versugtinge eerder as lofprysing en aanbidding. Uiteindelik dryf jy selfs weg van God af.

Die tweede saak wat Maleagi aanraak is een wat vandag 'n kenmerk van ons lewe geword het: egskeiding.

Maleagi beklemtoon die band waarmee die huwelik twee mense verbind aan mekaar. Dit is 'n band wat gesmee is wanneer die twee mense plegtig trou aan mekaar belowe het. Wat die band heilig maak, is die feit dat die Here as getuie geroep is toe die band gesmee is (vers 14). Ons durf nie hierdie huweliksband geringskat nie!

Een van die hoof oorsake van 'n egskeiding is ontrouheid. Luister net hoe kras stel Maleagi hierdie euwel: “Moenie ontrou wees aan die vrou met wie jy getroud is toe jy jonk was nie. Want Hy haat egskeiding, het die Here, die God van Israel, gesê. So iemand het hom met geweld omhul.” (vers 15b & 16)

Sjoe! Dit is harde woorde! God **haat** egskeiding! Egskeiding is **geweld**! En wat vir die man geld, geld vandag natuurlik ook nét so vir die vrou.

Egskeiding en huweliksontrou is op die oortreffende trap die verbreking van die liefdesgebod, die grootste gebod in die wet. In die eerste plek is dit liefdeloosheid teenoor jou huweliksmaat, die een met wie die liefdesband op sy sterkste moet wees. Maar dit is terselfdertyd ook liefdeloosheid teenoor God, want Hy was as getuie geroep tydens julle huweliksbevestiging en nou word Sy getuienis in die grond getrap.

Maar daar is verdere implikasies, want die kinders kry baie seer tydens 'n egskeiding of ontrou en so ook die ander familie en vriende. Boonop ly die kerk skade, want 'n egskeiding het ook 'n rippeleffek op die onmiddellike samelewing en hoe die ongelowiges die kerk sien wanneer lidmate liefdeloos optree.

Hierdie gedeelte praat seker die sterkste van

almal in die Bybel oor egskeiding. Kom ons onthou dit!

Gebed:

Here, help my asseblief om my huwelik rein te hou en propvol liefde en trou.

# 7

# Die Verbondsengel Kom

## Maleagi 2:17-3:5

**VIDEO * OUDIO**

Maleagi begin hierdie perikoop met ‘n swaar sug: “Julle vermoei die Here met julle woorde!” Ons kan dit amper vertaal met: “Ag bly tog stil, julle pla die Here!”

Wat 'n verskriklike ding om te sê! Maar waaroor het dit gegaan? Hulle was verbitterd en hulle het aantygings gemaak dat die Here eintlik die slegte mense voortrek en dat hulle, Sy volk, wat eintlik die goeie mense is, moet swaarkry! Dis bitter onregverdig van die Here! Dan vra hulle: “Waar is die God wat oordeel dan?”

O, ons hoor daagliks daardie selfde verwytende vraag! En dan is daar gewoonlik gladnie eenvoudige antwoorde nie. Ons is só vinnig om die Here te verwyt wanneer dinge nie reg loop nie. Ons kyk met baie kritiese oë

na die Here, maar ons hou onsself blind vir die dinge in ons eie lewens.

Maleagi tik die volk oor die vingers oor hulle arrogante houding teenoor God.

Maar dan maak die Here 'n aankondiging: “Kyk, Ek gaan my boodskapper stuur en Hy sal 'n pad voor My gereedmaak.” Wie is hierdie “boodskapper?” Daar is twee verklarings, waarskynlik Johannes die Doper, die “wegbereider”. Dit kan egter ook heenwys na Jesus.

Hierdie was 'n baie bekende beeld in daardie tyd en die Israeliete het presies geweet wat dit beteken. Wanneer 'n koning 'n spesifieke stad sou besoek, was daar 'n groot geskarrel om die pad daarheen vir hom gelyk te maak. Al die klippe moes uit die pad en daar is groot moeite gedoen, want die paaie is gesien as 'n simbool van die koning se mag. 'n Hele span diplomate is dan ook vooruit gestuur om toe te sien dat al sy verblyfreëlings, sy programskedule, protokolreëlings, onthale ens. tot in die fynste

detail beplan en voorberei is.

So is hierdie boodskapper, oftewel die Verbondsengel dan die “afgevaardigde” wat die voorbereidingswerk moet gaan doen vir die koms van die Here, die Almagtige.

Dit is só interessant as ons gaan kyk na presies hoe hierdie voorbereidings fisies gebeur het, dalk op 'n totaal ander wyse as wat 'n mens sou verwag. Dink net byvoorbeeld aan die volgende:

Toe hierdie boek geskryf is, was Israel 'n totaal niksbeduidende klein volkie wat nie eers hulle eie regering gehad het nie. Hulle praat 'n taal wat nêrens elders in die wêreld verstaan word nie.

Maar dan gebeur 'n paar dinge: Alexander die Grote se opkoms veroorsaak dat die ganse bekende wêreld kennis neem van die Griekse taal en kultuur. Dit word ook afgeforseer op Palestina. Uiteindelik is selfs die Bybel (die Ou Testament) in Grieks vertaal. En dit is hierdie Bybel wat Paulus

gebruik op sy sendingreise. Dus kan al die volke waarmee hy te doene kry verstaan wanneer hy uit die Bybel aanhaal en vir hulle preek. Grieks het regoor die wêreld die algemene taal geword waarin mense kon kommunikeer.

Na die Grieke het die Romeine gekom. Hulle het 'n uitgebreide netwerk van paaie gebou en onderhou sodat plekke wat voorheen ontoeganklik was toeganklik geword het. Dit het sake baie vergemaklik vir die verkondiging van die Evangelie regoor die wêreld.

Boonop was die ganse wêreld deel van die Romeinse ryk, wat beteken het dat landsgrense verdwyn het. Enigeen was welkom in enige land.

Die ballingskap het in 'n sekere sin ook 'n rol gespeel in die voorbereiding van die koms van die Here. Oorspronklik was die tempel in Jerusalem die enigste erkende aanbiddingsplek vir Joodse gelowiges. Tydens die ballingskap, waar mense nie daar

kon aanbid nie omdat hulle in vreemde lande was, het die idee begin ontstaan om sinagoges op te rig vir aanbidding. Hierdie idee het uiteindelik wêreldwyd versprei, en as daar tien Joodse mans op 'n plek was, kon daar 'n sinagoge gebou word.

Tydens Paulus se sendingreise het hy elke keer na die sinagoge in 'n stad gegaan en daar 'n aanknopingspunt vir die evangelie gekry. Daarvandaan het dit verder versprei na die heidene.

Maar vir die volk Israel was hierdie voorbereidingswerk van die Verbondsengel nie maklik nie: “Maar wie kan die koms van die Engel verdra, wie kan standhou wanneer Hy verskyn?” vra Maleagi.

Hierdie Verbondsengel moes suiweringswerk doen, en slegs 'n klein handjievol dissipels het dit uiteindelik deurstaan. Op Pinksterdag was daar slegs 120 gelowiges oor, mense wat dit deur die suiweringsproses gemaak het. Uit hierdie klein kerngroepie het die ganse kerk van God gegroei. Reeds op die

héél eerste dag het dit met 'n verdere 3000 gegroei.

Die Here doen soms ook suiweringswerk aan my en jou. Soos wat dit vir die eerste dissipels dikwels 'n pynlike proses was, is dit vir ons ook gewoonlik pynlik. Maar aanvaar die suiwering met groot blydskap, want daaruit kan net groot dinge groei. Werk saam wanneer Hy sondes in jou lewe uitwys, en maak werk daarvan.

Gebed:

Here, dankie dat U met my bemoeienis maak en my waardig ag dat U my kan suiwer. Help my om dit met blydskap te aanvaar.

# 8

# Het God Verander?

## Maleagi 3:6,7

**VIDEO * OUDIO**

Die vraag kom op: “Waarom gaan dinge sleg met ons? Lê die oorsaak nie dalk by God nie? Het Hy nie dalk verander nie? Dalk is ons haglike omstandighede, die ekonomie, misdaad, petrolprys, korrupsie ens. juis te danke aan die feit dat God nie meer dieselfde is nie!”

Die Here antwoord onomwonde in vers 6: “Ek, die Here, het immers nie verander nie.” Hy besweer hierdie vraag wat op baie mense se gemoed lê, nie alleen vandag nie, maar ook in Maleagi se tyd.

En dan verduidelik die Here in vers 7 dat hulle al baie lank al nie meer leef soos wat Hy dit van hulle verwag nie: “Sedert die tyd van julle voorouers wyk julle van my voorskrifte af en kom dit nie na nie.”

As ons maar net ‘n slag deur die geskiedenisboeke van Israel gaan blaai, sien ons dat hulle skaars uit Egipte was, toe die gekerm en gekla alreeds deur die woestyn weergalm het. Enkele weke na die uittog begin het, bou hulle al 'n afgodsbeeld, en dit terwyl Moses besig was om die wet van God te ontvang!

Só klein was hulle vertroue in hierdie Almagtige God, wat hulle daagliks kos uit die hemel gegee het, en talle wonderwerke gedoen het, dat hulle uiteindelik geweier het om die beloofde land binne te gaan! Hulle het God nie genoeg vertrou nie! Die gevolg was dat God verplig was om hulle vir 40 jaar in die woestyn te laat rondswerf totdat hulle uiteindelik gereed was om Hom te vertrou.

Dan was daar groot vreugde toe hulle uiteindelik die land kon betree wat God aan hulle beloof het. Maar skaars het hulle ingeburger, of hulle het al klaar weer vergeet van God! Hulle aanbid afgode, en doen alles wat God hulle gevra het om NIE te doen nie. Lees gerus maar die boek Rigters, en jy sal

die refrein in feitlik elke perikoop sien: “Die Israeliete het WEER gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here!” Oor en oor lees ons dit. Dan het die Here maar wéér ingegryp, en hulle kom tot bekering, om maar net wéér in sonde te verval!

Die koningstydperk het aangebreek, en daar het 'n Dawid gekom wat die volk op die regte pad probeer lei het. Maar die verval het weer gekom, en die volk het maar net wéér begin om al die verkeerde dinge te doen. Afgodery was die grootste euwel. Wanneer daar 'n koning op die troon was wat God gedien het, het hy die volk op die regte pad gelei, maar dit was keer op keer slegs van korte duur, en dan was hulle alwéér ver weg van God af!

Die onverstaanbare is dat God hulle telkemale maar net weer vergewe en opgerig het. God se oneindige genade oor hierdie weerbarstige volk was onmeetbaar groot!

Só groot is Sy genade dat Hy uiteindelik hierdie selfde weerbarstige volk uitkies om die plek te wees waar Sy Seun gebore sou

word om Sy groot verlossingswerk te kom doen.

En uit hierdie einste volk tree die eerste getuies na vore wat die Evangelieboodskap oor die ganse wêreld heen moes gaan versprei.

Kan daar groter liefde wees? Kan daar groter genade wees?

Wanneer Maleagi met die volk praat, is hulle alwéér in die moeilikheid soos gewoonlik. En dan kerm hulle.

God se eenvoudige antwoord aan hulle in vers 7 is: “Keer terug na My, dan sal Ek na julle terugkeer.”

Die verstommende is dat God steeds nooit opgegee het met die volk nie. Na die hóéveelste oproep tot bekering, kom die Here net weereens en soebat hulle om terug te kom na Hom toe. Hy wou hulle so graag as Sy eie volk hê. Sy onveranderlike trou is hier duidelik sigbaar.

“Hoe moet ons terugkeer?” het die volk verbaas gevra. “Waarom moet ons dan nou tot bekering kom?”

So verstommend soos God se groot genade en geduld, so verstommend en onverstaanbaar was die volk se reaksie op God se oproep.

Is dit nie dikwels vandag ook maar die manier waarop ons reageer nie? Vra ons nie dikwels ook maar dieselfde vraag nie? Oral waar ons gaan word ons gekondisioneer om sonder God klaar te kom. Ons werk, en aan die einde van die maand is daar 'n salaris wat betaal vir alles wat ons nodig het. Sonder God se hulp? Ons onthaal vriende, en God is nie vir een oomblik deel van ons gesprek of ons joligheid nie. Ons gaan hou vakansie, en los vir God by die huis!

Ons het onsensitief geraak vir 'n hegte, persoonlike verhouding met die Here. Die gedragskodes van die gemeenskap skryf vir ons 'n etiese kode voor wat ons heeltemal respektabele burgers van die samelewing

maak. Almal trek tog só aan. Almal praat só. Hierdie vloekwoorde het só die norm van die lewe geword, en almal gebruik dit tog, waarom moet ek dan anders wees?

Is dit dan nog énigsins nodig dat ons ons moet bekeer? Ek gló mos in Jesus, is dit dan nie genoeg nie? Die Bybel leer mos dat as ek in Jesus glo, dan is ek op die regte pad. Dan kan ek mos maar maak soos ek wil, solank ek darem nou nie doodslaan en steel nie, want dit is darem té erg!

Om in Jesus te glo, beteken om in 'n lewende verhouding met Hom te staan. Wanneer daar só 'n verhouding is, sál daar 'n daaglikse bekering wees! Nie om elke keer weer vergifnis te ontvang nie, maar omdat ek alrééds vergewe is. Dan sal ek doen wat Hy van my vra, nie  om straf vry te spring of 'n beloning te kry nie, maar omdat Hy my liefhet, en ek my dankbaarheid in liefde teenoor Hom wil uitleef.

Gebed:

Here ek het U baie lief. Dankie vir U groot genade.

# 9

# My Tiende

## Maleagi 3:8-12

**VIDEO * OUDIO**

Vanoggend trap Maleagi alweer op 'n baie sensitiewe liddoring, die gee van tiendes.

Moontlik moet ons eers kyk wat dit vir die Israeliete van die Ou Testament beteken het om tiendes te gee. Volgens Deut. 14:22-28 moes hulle tiendes van die koring, wyn en olie asook eerstelinge van hulle diere na die heiligdom bring. Daar het hulle dan saam met hulle gesin en die Leviete 'n vreugdemaal geniet in die teenwoordigheid van die Here.

Elke derde jaar moes hulle 'n volle tiende van die jaar se opbrengs vir die Leviete, vreemdelinge, weeskinders en weduwees gee. Daar was ook 'n derde “heffing” waar 'n tiende van die land se opbrengs aan die Here gewy moes word vir die onderhoud van

die personeel van die heiligdom.

Met die bring van tiendes en offergawes het die Israeliete eintlik bely dat hulle totale inkomste van die Here af gekom het. Alles behoort eintlik aan die Here. Wanneer iemand dus sy tiende gegee het, het hy nie iets afgestaan wat aan hom behoort het nie, maar hy het vir die Here gesê dat die 90% wat hy kon hou ook maar aan die Here behoort het. Die Here het dit egter uit genade vir hom gegee om te gebruik.

Dit gaan dus gladnie oor die 10% wat ek gee nie, maar die 90% wat ek kry vir my gebruik. Die Here vra dus nie 10% van my geld nie, maar Hy gee 100%, en om daardie rede kan Hy 10% terugvra!

Nou kan ons dalk beter verstaan waarom die Here in vers 8 verklaar: “Mag 'n mens God besteel? Maar julle besteel My!” Hulle het selfsugtig alles gegryp wat hulle van die Here ontvang het sonder om enigiets terug te gee. En dan vra hulle nog doodonskuldig die vraag: “Hoe besteel ons U?”

Deur God op hierdie wyse te beroof, het die volk ook hulleself beroof. Omdat hulle nie aan die Here gegee het wat Hom toekom nie, het hulle hulleself van die seën van die Here beroof, en hulle het in die plek daarvan vervloeking ervaar.

In vers 9 word Israel “die nasie” genoem. Gewoonlik was na hulle verwys as die “volk,” en al die ander volke word “nasies” genoem. Hierdie is 'n subtiele manier om Israel gelyk te stel met al die ander heidennasies wanneer hulle die Here op hierdie wyse beroof.

Maar eintlik wou God gladnie daardie seën wegvat nie, en nog minder wou Hy vervloek. In vers 10 en 11 sien ons hoedat die Here gereed gestaan het om Sy seën oor die volk uit te stort. Hy wil vandag steeds vir my en jou baie eerder seën as vervloek!

Ons sien hier dat die Here ons uitnooi om te waag met Hom. Hy nooi ons om dit te waag om ons volle vertroue in Hom te plaas. Hy wil hê dat ons anders moet begin dink oor dit

wat ons bymekaar gemaak het oor die jare, en dit sal sien as God se eiendom wat Hy vir ons leen – eiendom waaroor Hy ons aangestel het sodat ons dit namens Hom moet bestuur. Daar word dikwels gevra: “Hoe bereken ek my tiende? Is dit voor of ná aftrekkings en belasting?” As ons nog by daardie punt is, dan het ons nog nie besef waaroor dit eintlik gaan nie!

Wanneer ons dan begin om die Here se eiendom anders te hanteer, sal ons ook die seën van die Here begin ervaar. “Bring die volle tiende na die voorraadkamer sodat daar voedsel in my huis kan wees. Toets My hierin, ..... of Ek nie vir julle die vensters van die hemel sal oopmaak en oorvloedige seën oor julle sal uitstort nie.” (vers 10)

Ons moet egter baie versigtig wees om nie hierdie Skrifgedeelte te misbruik nie. Ons moet baie goed verstaan dat ons nóóit vir God kan manipuleer om Sy seën op ons af te dwing nie. As ons dit doen, dan het ons die ware betekenis van die gedeelte gladnie verstaan nie. As ek in 'n ware verhouding met

die Here leef, probeer ek Hom nie dwing om dinge vir my te doen nie!

As jy jou tot die Here bekeer, is dit nie 'n saketransaksie waarin jy bereken hoeveel wins jy hieruit gaan maak nie! Dit is egter 'n lewenswyse waar jy onvoorwaardelik aan die Here gee in 'n egte liefdesverhouding. Wanneer jy aan Hom behoort ontvang jy terselfdertyd dan ook Sy ryke seën, nie oor jou mooi dade nie, maar omdat Hy jou liefhet.

Hierdie seën kan op baie verskillende maniere na jou kom. Een van die wonderlikste maniere is sekerlik om ware lewensvreugde te kan hê, blydskap wat alle verstand te bowe gaan. Maar dit kan ook op baie ander maniere na jou kom, selfs finansieel!

In die tyd van Maleagi het mense die seën van God gesien as genoeg reën in hulle amper-woestynwêreld. Hulle het dit gesien in goeie oeste en die peste en plae wat weggebly het uit hulle lande sodat hulle kos kon hê op hulle tafels. Seën was dus vir hulle

die voorsiening van lewensnoodsaaklike dinge en beslis nie luukses nie.

Vandag wil ons God se seën sien in 'n blink motor (of twee) en 'n luukse huis. Luukshede soos 'n vakansie oorsee is nou wáre seën! Moet ons nie dalk anders begin dink en die Here se ryke seën sien in die dinge wat ons so as vanselfsprekend aanvaar nie? Dit is dikwels eers wanneer ons alles verloor, dat ons die eenvoudige dingetjies soos 'n brood en 'n dak oor ons kop begin waardeer en dit sien as God se seën.

Gebed:

Here, leer my asseblief wat dit beteken om waarlik my tiende vir U te gee, en om U seën te waardeer.

# 10

# Gee God Ooit Om?

# Maleagi 3:13-18

**VIDEO * OUDIO**

Is dit ooit die moeite werd om die Here opreg te dien? Watter voordeel is daar vir my om dit te doen? Is daar óóit énige voordeel?

Geskok oor so 'n vraag? Wel, hierdie vraag word daagliks gevra, dikwels selfs deur gelowiges wat teleurgesteld geraak het. “Godsdiens het totaal sy betekenis verloor!” hoor ons dikwels.

In hierdie perikoop begin die Here deur die pen van Maleagi om 'n aantyging teen die volk te maak: “Julle laat harde woorde oor My val!”

“Wat het ons vir mekaar oor U gesê?” vra hulle ewe onskuldig, met botter wat nie in hulle mond kan smelt nie.

“Julle het gesê, ‘Dit is heeltemal nutteloos om God te dien’!”

Vandag sou ons dalk kon sê: “Ek is moedeloos! Ek weet nie waarom ek nog so hard probeer om reg te lewe nie. Ek lees elke dag my Bybel en ek bid en elke liewe Sondag sit ek in die kerk. En wat kry ek daarvoor? Net swaarkry!”

Voel jy moontlik soms so?

“Ek verstaan die Here nie!” sê jy dalk. “Kyk net hoe floreer die mense wat in sonde lewe! Dié wat die land beroof met hulle korrupsie, leef in luuksheid. Hulle ry lang slap motors en woon in paleise. Maar ekke? Ek wat die wet gehoorsaam, bly in 'n pondokkie en my ou skedonk val al uitmekaar. Is die Here dan nou werklik regverdig?”

Dit wil voorkom dat daar géén waarborg is dat dit met jou goed sal gaan as jy jou kant bring teenoor God nie. En daarteenoor beleef die mense wat onverskillig staan teenoor Hom, nét voorspoed! Waarom gebeur goeie

dinge met slegte mense? En die slegte met goeie mense? Mense wat in opstand teen die Here is, is eintlik dié wat gelukkig is, en dié wat God uitdaag, kom skotvry daarvan af! Hoe klop die regverdigheid van God met die onregverdigheid van die lewe?

Hierdie is almal vrae en uitlatings wat jy seker al dikwels gehoor het, of dalk sélf al uitgespreek het. Ek kan sékerlik sê dat dit uiterste vermetelheid van ons is om sulke aantygings teen die Here te maak!

Die Here draai egter nie 'n dowe oor wanneer mense sulke vrae vra nie. Hierdie vrae, wat óók gelowiges dikwels vra, gaan nie maar by die Here verby nie. Hy luister met 'n simpatieke oor na die vrae, en in vers 16 sien ons júís dat Hy dit opgemerk het. Hy hét dit gehoor!

Dalk voel dit soms vir jou asof jy teen die plafon vasbid. Die Here hoor egter wél jou gebed! Elke gelowige se gedagtes en smeekgebede is baie belangrik vir die Here.

Deur die pen van Maleagi antwoord die Here dan ook die gelowiges in die volk. Hy gee hulle nuwe moed, nie alleen vir die hede nie, maar ook vir die toekoms. Diegene wat eerbied het vir die Here, se name word opgeskryf in die “gedenkboek.”

Die Here is beslis nie onbetrokke nie! Hy weet presies wat aangaan, en Hy is betrokke by elke gelowige. Hy ken jou swaarkry, jou onsekerheid en selfs jou skeptiese vrae wat jy soms vra. Hierdie dinge gaan beslis nie by Hom verby nie, en daarom hierdie “gedenkboek.”

Die Here beklemtoon dit in vers 17 dat hulle vir Hom 'n kosbare besitting is. Het jy mooi gehoor wat die Here sê? Jy is nie sommer maar net 'n nommertjie iewers tussen die miljoene nie. Jy, gelowige wat eerbied het vir God, jý is Sy kosbare besitting, Sy “persoonlike eiendom!” So sê die Here die Almagtige!

Wow!

Hierdie “kosbare besitting” kan ons in dieselfde lig sien as 'n meisie wat 'n baie kosbare verloofring van haar verloofde ontvang. Sy koester dit en wys dit vir almal wat sy teekom. Sy is opgewonde daaroor en dit is vir haar die kosbaarste ding wat sy nog óóit gekry het. En só voel die Here oor my en jou.

Ons kry dalk nou swaar, maar die Here sien ons swaarkry raak, en daar gaan 'n dag kom waarop Hy gaan ingryp, “Die dag wat Ek voorberei.” (vers 17). Elders in die Ou Testament word verwys na “die dag van die Here”, die dag van God se oordeel. Die Israeliete het geglo dat slegs die ander volke op daardie dag geoordeel gaan word, en dat hulle van al die ander volke verlos gaan word.

Hier word egter 'n ietwat ander prentjie geskilder: God se oordeel is ook oor Israel! Hy oordeel slegs tussen die goddeloses en dié wat Hom dien.

Volgens die Nuwe Testament beteken dit

vandag vir ons dat die oordeel gaan wees tussen die gelowiges - dié wat in Jesus glo en die ongelowiges.

Uit vandag se Skrifgedeelte is dit baie duidelik dat God ons baie liefhet, soos 'n pa sy seun (vers 17), en dat Hy baie omgee vir my en jou. Hy hoor elke versugting van jou hart, al voel dit soms nie so nie. Onthou wat Hy gesê het in Mal. 1:2 - “Ek het julle lief, sê die Here.”

Gebed:

Here, dankie dat ek vandag weereens getroos kan word deur U wonderbare liefde. Dankie dat U omgee vir my.

# 11

# Die Dag van die Here

# Maleagi 4:1-3

**VIDEO * OUDIO**

In Maleagi 4:1 lees ons die ontstellende woorde: “Want kyk, die dag gaan kom, dit gaan brand soos 'n oond!”

“Die hel is 'n mite!” Hierdie stelling het ek al dikwels gehoor. Of hulle maak ligsinnige grappies oor “ou Niek se plekkie.” Maleagi beskryf die “Dag van die Here” soos wat dit dikwels in die Ou Testament genoem word. Hy vertel van God se oordeel maar terselfdertyd ook van Sy verlossing. Met ander woorde, goeie nuus vir die gelowige maar slegte nuus vir die ongelowige.

Ons het in die vorige gedeelte genoem dat die Israeliete geglo het dat die Here vir Israel op hierdie dag sou kom verlos van al hulle vyande. Al die swaarkry sou verander wanneer God sou kom ingryp en al die ander

nasies veroordeel.

Maar nou kom die skokkende nuus vir hierdie volk: “Dan sal al die verwaande mense en elke booswig kaf wees, en die dag wat kom, sal hulle verbrand,” sê die Here, Heerser oor alle magte, “daar sal nie wortel of tak van hulle oorbly nie!”

Sjoe! Wat 'n skok! En hulle het gedink dat hulle veilig was net omdat hulle Israeliete was!

Maar wat sê dit vir ons vandag? Hierdie uitspraak het nie net op Israel betrekking nie, maar op elke mens. En die dag van die Here is 'n werklikheid. Die straf vir iemand wat in opstand is teen God, is verskriklik! Dit is iets wat niemand óóit wil beleef nie.

Nou hoor ek al: “Maar ek is darem nie in opstand teen God nie. En ek probeer hard om reg te lewe......”

Almal ken Joh. 3:16, wat sê dat God die wêreld so liefgehad het dat Hy Sy Seun gegee het sodat mense die ewige lewe kan

hê. In Joh 3:18 staan daar egter die skokkende woorde: “Wie nie glo nie is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie.”

Hierdie oordeel waarvan Johannes praat is die einste “Dag van die Here.”

Baie mense sal dalk sê: “Maar ek glo mos aan Jesus! Ek is van kleins af al geleer van Hom, en ek glo nog al die jare.”

Die Israeliete het feitlik almal aan God geglo, maar min van hulle sal die Dag van die Here oorleef. Waarom? Oor presies dieselfde rede as wat Satan nie daardie dag sal oorleef nie, al glo hy aan God. Hy wéét dat God 'n werklikheid is, maar daar is géén sprake daarvan dat hy óóit 'n lewende verhouding met God sou hê nie. Presies dieselfde het gegeld vir baie van die Israeliete. Alhoewel hulle geglo het dat God 'n werklikheid is, het hulle nóóit sovêr gekom om werklik in 'n verhouding met Hom te staan nie.

Abraham was 'n voorbeeld van iemand wat

waarlik in 'n verhouding met God was. Ja, hy was ook maar 'n feilbare mens met sondes, maar Hy het God geken, en Hy het in 'n verhouding met God geleef.

Dieselfde geld vandag vir ons wat in die “Nuwe Bedeling” staan. Om slegs te glo dat God die Skepper is wat alles gemaak het en dat Jesus aan die kruis gesterf het, beteken absoluut niks. Daar is vandag baie mense wat al die regte geluide maak. Hulle is elke Sondag in die kerk en hulle gee hulle tiendes en lees Bybel en bid. Maar hulle is steeds verlore!

Om in Jesus te glo gaan egter daaroor dat daar 'n lewende verhouding met Hom moet wees. Daar moet 'n ontmoeting met Hom wees waar Hy in jou lewe kom. Wanneer dit gebeur, tree daar 'n totale verandering in jou lewe in.

Maleagi beskryf dit so mooi in vers 2, waar hy sê dat vir so 'n persoon sal “die son van geregtigheid deurbreek met genesing in sy strale.” En die reaksie hierop? “Dan sal julle

uitgaan en bokspring soos kalwers wat op stal was!”

Het jy al die uitbundigheid van so 'n kalf gesien, vroegoggend wanneer die stal se hek oopgaan? Daar is géén einde aan sy lawwigheid nie. Lewensvreugde borrel in hom. Hy bokspring en gaan uitbundig tekere!

Presies dieselfde geld vir iemand wat God se vryspraak ervaar het. Sy blydskap is borrelend. Hy kan net eenvoudig nie stilbly oor dít wat met hom gebeur het nie. 'n Ontmoeting met Jesus is sékerlik die héél grootste ding wat óóit met énige mens kan gebeur.

Daardie ontmoeting is egter maar net die begin, want nou begin jy 'n verhouding met Jesus opbou. Jy het nou Sy vryspraak gekry, maar jy wil meer en meer weet van Hom (Bybel lees) en jy wil graag dinge vir Hom doen (liefde uitleef) en met Hom gesels (gebed). Dit is presies soos in 'n huweliksverhouding. Julle trou en jou hart wil bokspring en net tjoklits pomp. Maar dit

eindig mos nie daar nie? Nou begin die ware verhouding mos, en julle kan nie genoeg kry van mekaar nie, en julle soek geleentheid om te kan gesels. En die liefdesverhouding word al sterker soos die jare aanloop. Presies dieselfde moet gebeur in jou verhouding met Jesus.

Wanneer daardie verhouding met Jesus in plek is, sal die “Dag van die Here” nie vir jou 'n dag van verskrikking wees nie, maar een waarna jy met groot verlange uitsien.

Gebed:

Here, ek verlang na U Groot Dag. My gebed is dat elkeen wat hierdie dagstukkie lees, en wat U nog nie ontmoet het nie, vandag met U versoen sal raak.

## 12

## Elia Gaan Kom

## Maleagi 4:4-6

**VIDEO * OUDIO**

Die laaste perikoop in Maleagi begin waar die Here vir die volk dit op die hart druk om die wet wat Hy vir Sy dienskneg Moses op die berg Horeb gegee het, te onthou.

Hier neem die Here die volk se gedagtes terug na die geboorte van die volk Israel. Hierdie volk het sy ontstaan gehad die dag toe Moses hulle uit Egipte uitgelei het. En van dag een af het hier asemrowende dinge met die volk gebeur. Daar was die wolk- en vuurkolom wat hulle reg van die begin af beskerm het en leiding gegee het. Daarna, daardie epiese tog deur die Rietsee waar hulle droogvoets kon deurstap, en die Egiptenare wat hulle agtervolg het, almal verdrink het.

Toe kom die gróót hoogtepunt, Horeb. By die

berg Horeb, oftewel Sinai gee God aan Moses die wet in die vorm van die tien gebooie. Hier word ook die verbond met die volk gesluit, die kontrak waarmee die Here Homself aan Israel verbind het.

Die wet, oftewel “Tora” het egter baie meer geword as slegs die tien gebooie. Die woord beteken letterlik: onderwysing, onderrig of lering. Die Tora van Moses was dus God se onderrig aan Sy volk. Soos wat die wolkkolom vir die ou Israeliete rigting aangedui het deur die woestyn, so moes die Tora ook vir hulle rigting aandui in die lewe. Dit was geensins bedoel om vir hulle 'n swaar las te wees nie, maar eerder 'n vreugde! Juis dáárom moes hulle dit volgens Ps. 1:119 dag en nag oordink.

Dit was egter veel meer as net om daaraan te dink of die tien gebooie uit die kop op te sê. Dit moes met vreugde uitgeleef word.

Die Tora was uiteindelik 'n lywige stuk werk wat ellelange lyste van wette bevat het oor offerandes, feeste en reinheidswette. Die

meeste van hierdie rituele was skaduwette wat heengewys het op Jesus, en wat met Sy koms in vervulling gegaan het.

Met Sy koms het Jesus vir ons vandag die “Nuwe Tora” baie maklik gemaak. Hy vra van ons slegs twee dinge: Om God lief te hê en om ons medemens lief te hê. Om vandag dus die wet te onthou, beteken dat ons hierdie twee dinge met vreugde sal uitleef met ons hele hart, siel en verstand.

En as ons dalk nie mooi weet hoe om dit te doen nie, dan is daar die talle riglyne regdeur die Nuwe Testament wat dit vir ons uitspel. Die bekendste hiervan is seker 1 Kor. 13, waar Paulus beskryf hoe liefde behoort te lyk.

Maleagi sluit die perikoop af deur te sê dat die Here verklaar dat Hy Elia sou stuur voordat die Dag van die Here kom.

Waarom Elia? Jy sal onthou dat Elia die groot profeet was waarvan ons in die Konings-boeke lees. Nou word hy hier in

dieselfde asem as Moses genoem. Dit is van groot betekenis, want daar is groot ooreenkoms tussen hierdie twee merkwaardige Bybelfigure van die Ou Testament. Moses en Elia het albei 'n ontmoeting met God op die berg Horeb gehad. Moses het die volk bymekaargeroep by die berg Sinai (Horeb). Elia het die volk bymekaargeroep by die berg Karmel. Moses en Elia het albei 'n altaar van twaalf klippe gebou. In Lev. 9:23 lees ons hoedat die vuur van God die brandoffer by Moses verbrand het, en in 1 Kon. 18 lees ons dat die vuur van God weereens die offerande by Elia verbrand het.

Wanneer hier gesê word dat Elia gestuur sou word, beteken dit nie dat Elia fisies sou terugkom nie maar iemand met die statuur van Elia. Sy groot taak sou wees om versoening te bewerkstellig. Die verhouding met God en met mekaar moes herstel word. Ons sien hierin net weereens God se groot, groot genade oor Sy volk.

Elia kry ook betekenis in die Nuwe

Testament, wanneer Johannes die Doper hierdie Elia-figuur word wat die pad vir Jesus kom voorberei.

Wanneer ons aan die einde van Maleagi kom, som hy sy boek op in enkele woorde: Hou vas aan die Tora, die onderwysing van God, en leef volgens dit wat die Here jou hierin leer.

Verder wil hy dit vir oulaas beklemtoon dat die Dag van die Here beslis gaan kom, en niemand sal dit kan keer nie. Wees gereed daarvoor. Hoe doen jy dit? Deur vas te hou aan dit wat in die Bybel geleer word, en dit uit te leef. In vandag se terme is dit om in Jesus te glo. Dit beteken 'n lewende verhouding met Jesus. 'n Verhouding werk egter slegs wanneer jy dit aktief uitleef.

Maar Maleagi wil ook God se groot genade beklemtoon. Iemand soos Elia sal gestuur word om versoening te bewerkstellig.

Jesus het alreeds gekom om versoening te bewerkstellig. Vandag het ons niks en

niemand meer nodig nie. Die vraag is egter vanoggend of jy alreeds “Ja” gesê het vir Jesus? Het jy al God se groot genade aanvaar en Jesus toegelaat in jou lewe?

Talle mense het alreeds vir my geskryf en gevra hoe om by Jesus uit te kom. Miskien is jy, liewe leser, een van hulle. Of miskien is jy een wat te bang is om die vraag te vra. Vandag mag dalk jou laaste kans wees.........

**Gebed:**

Here, vanoggend wil ek U loof vir U groot liefde en genade. Maar ek wil ook pleit dat U die harte sal oopmaak van hulle wat nog soekend is.

*As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik. Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.*

MOSBOLLETJIE BOEKE